PUKKE!
vir al u kleubaadjies
Broers
Johan Claassen
(Edms.) Bpk.
Tel. 3612
Potchefstroom
Tak: Tomstraat 90c.

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
In U lig sien ons die lig

J. HEIDEMA
FIETSE,
MOTORFIETSE
Kerkstraat 48

Jaargang XXIV | VRYDAG, 21 FEBRUARIE 1969 | Nr. 2

# PUK-GEHOOR STEL TELEUR

## SENIORSTUDENTE LAAK WANGEDRAG

**DIE HUMORAAND VAN DIE A.B.K.K. VERLEDE DINSDAGAAND IS ONTSIER DEUR DIE UITERS SWAK GEDRAG VAN DIE GEHOOR. DIE DOEMELDOEDIES SE SANG IS TELKENS BEDERF DEUR LUIDE, ONSMAAKLIKE TUSSENWERPSELS, EN VALLENDE KOELDRANKBOTTELS MOES BAIE IRRITEREND OP DIE KUNSTENAARS INGEWERK HET.**

**Een van die Doedies, wat van Johannesburg af gekom het vir die optrede, het aan Die Wapad gesê dat hulle effens huiwerig gevoel het om op die verhoog te gaan toe hulle by hul aankoms die rumoer in die saal gehoor het, maar het die aand later wel geniet. In onderhoude met Die Wapad het verskeie senior-studente egter hul misnoeë uitgespreek oor die gehoor se gedrag voor die genooide kunstenaars.**

Mnr. Neels Smit se kommentaar was bloot „swak". Sommige tussenwerpsels wat gemaak is terwyl die Doedjes gesing het, het mnr. Smit aangevoel as onvanpas en teleurstellend.

Mnr: Johan van Rensburg het aan die Wapad gesê: „Ek besef dat die seniors op daardie stadium van die oriënteringsprogram in 'n uitbundige stemming verkeer het, maar hulle gedrag teenoor mede senior wat moeite gedoen het met 'n verhoogaanbiedng gaan my te bowe. Ek het my geskaam om te sien hoe die Pukke besoekende kunstenaars behandel. Ek ken nie die Puk so nie."

Die program van die „humoraand" was in twee verdeel: in die eerste helfte het Gerrit Groenewald, Chris van der Walt en andere gesorg vir humoristiese voorstellings, oorwegend in Engels. Die tweede helfte is gewy aan die Doedies.

**GEES**

Voordat die massa die Totiussaal in honderdtalle binnegetroom het, was daar op die kampus 'n gesellige, luimige atmosfeer. Binne in die saal, was die gees kenmerkend van die afgelope paar oriënteringsweke. Daar is gesgerts, gelag, lawaai en ongeduldig gewag op die gordyn om oop te skuif. Dit het egter hoe later hoe kwater gegaan.

**TAMATIES**

Mnr. Leo van Schalk, wat as seremoniemeester opgetree het, wou nie meer sê as net: „Ek is bly dat die gehoor my nie met tamaties gegooi het nie". Hy was 'n hele paar minute lank onhoorbaar, nadat hy op die verhoog gekom het, as gevolg van die lawaai. Een heer het sy sambreel oopgemaak en voor die kalklig gehou sodat die seremoniemeester in donker gehul was.

## ORIËNTERING VOL BELOFTE VIR TOEKOMS

**„SOVER lyk dit of die oriëntering van die eerstejaars op die kampus 'n mooi belofte vir die toekoms inhou. Dit wil nou reeds voorkom of ons vanjaar 'n besondere studentegees gaan hê," het mnr. Neels Smit, konvenor van die eerstejaarskomitee in 'n onderhoud aan Die Wapad gesê.**

Mnr. Smit was vol lof vir die koshuiskomitees en die dagstudentebestuur wat volgens hom 'n baie belangrike rol in die oriënteringsprogram vervul. „Sonder hulle insiatief kan maar min van die oriëntering tereg kom", het hy gesê.

„Die kenmekaargeleenthede is van die belangrikste in hierdie program. Ek dink die owerhede sal kennis neem van hierdie sukses, sodat dit vir die toekoms ook ingesluit sal wees in 'n standaardoriënteringplan".

**SPONTAAN**

Op die vraag watter indruk die eerstejaars op hom gemaak het, het mnr. Smit die volgende gesê: „Een ding is seker, ons eerstejaars sing vanjaar soos geen groep te ore dit kon doen nie.

Met die eerstejaarsbyeenkoms het hulle 'n mooi spontaneïteit en 'n besondere gesindheid openbaar wat tot sover en elke aksie weerklank gevind het.



**'n Goeie bewys dat die eerstejaardames by die ouhere gewild is.**

**Hierdie paar avonturiers het voor die Studenteraadskantoor kamp opgeslaan sodat hulle eerste by die „skietlyste" kan kom. Hulle het reeds gistermiddag begin wag vir die kaartjies wat vanoggend om 4.30 vm. beskikbaar gestel is.**

**FOTO: FOTOKUNS.**

## DAAR HET JY DIT




**Die Wapad word gedruk deur Enslins die Drukkers, Potgieterstraat 31, Potchefstroom, vir die uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O.**

## SPESIALE ITALIAANS AANGEBIED

**EEN van die nuwe kursusse van 1969 is Spesiale Italiaans. Hierdie kursus sorteer nog onder die departement Frans maar die instelling daarvan kan beskou word as die eerste stap in die rigting van die totstandkoming van 'n departement van Romaanse tale.**

Die onderrig vn Spesiale Italiaans word waargeneem deur dr. M. J. H. du Plessis en mnr. A. A. F. Teurlinckx.

Hoewel 'n beperkte aantal inskrywings verwag is, is alle verwagtings oortref. Van die meer as twintig inskrywings is daar een eerstejaarstudent, en die res wissel van tweedejaars tot M.A. en ander nagraadse studente.

**STUDIEBEURSE**

Studente van hierdie vak het 'n uitmuntende geleentheid om in aanmerking te kom vir 'n studiebeurs aangebied deur die Italiaanse regering om een jaar of langer opleiding te ontvang aan enige universiteit in Italië.

**Dr. M. J. H. du Plessis.**

## Veg-redakteur hier

**Mnr. Barry Botha, redakteur van die omstrede politieke tydskrif „Veg", sal die eerste P.N.B. - programvergadering vanjaar op 25 Februarie toespreek oor „die roeping en taak van die Afrikaner-jeug".**

**Die vergadering sal in kamer 100 van die Frans du Toitgebou gehou word en begin om 7.30 nm.**

## Verbode A.S.B.-Tak

Die verbode tak van die Afrikaanse Studentebond aan die Universiteit van die Witwatersrand het weer vertoë om erkenning tot die Regering gerig. Die tak is verlede jaar op Wits gestig. Later is dit deur die studenteraad verbied en die reg op alle gewone geriewe van studenteliggame ontsê omdat net blanke studente lede mag word. Slegs veelrassige organisasies word toegelaat.

## Geklassifiseerde Advertensies

**DIE ADVERTENSIEBURO** wil dit graag onder die aandag van Die Wapadlesers bring dat geklassifiseerde advertensies aanvaar word vir plasing.

Die tarief is soos volg: 25c vir die eerste tien woorde of minder en daarna 2c per woord. Betaling geskied kontant by indiening van die advertensie.

Advertensies moet in drukskrif of getik in bussie 7 (die van die Advertensieburo) tesame met die geld geplaas word, vergesel van 'n aparte vel papier met die naam en adres van die adverteerder.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE
TOMSTRAAT 88B & C
FOON 5943, 3377

## FLIEKS

TWENTIETH CENTURY:

Tot Sat. 22 Feb.
MAJUBA

Ma. 24 & Di. 25 Feb.:
CLAMBAKE
Elvis Presley.

Wo. 26 Feb. — Sat. 1 Mrt.
THE HONEYPOT
Rex Harrison, Susan Hayward.

Ma. 3 & Di. 4 Mrt.
BALLAD OF JOSIE
Doris Day.

INRY-BIOSKOPE

## Inrybioskope

Do. 20 Feb.
DR. KALIE
Goue Weste.
THE INCIDENT
Potch. Inry.

Vr. 21 & Sat. 22 Feb.
1e Vertoning
DR. KALIE
Goue Weste.
COUNTERPOINT
Potch. Inry.
2e Vertoning
RAGE
Goue Weste.
THE INCIDENT
Potch. Inry.

Ma. 24 & Di. 25 Feb.
THE TRIUMPH OF ROBIN HOOD
Goue Weste.
FOR THE FIRST TIME
Potch. Inry.

Wo. 26 & Do. 27 Feb.
BESERK
Goue Weste.
THE MERCENARIES
Potch. Inry.

Vr. 28 Feb. & Sat. 1 Mrt.
1e Vertoning
THE TRIUMPH OF ROBIN HOOD
Goue Weste.
FOR THE FIRST TIME
Potch. Inry.
2e Vertoning
BESERK
Goue Weste.
THE MERCENARIES
Potch. Inry.

22 Feb.

## Sport

KRIEKET
ll Swart-ovaal

## Kultuur

Feb.
MEESTERKONSERT
servatoriumsaal
nm.
el Michaelow (alt)
el Bowman (klavier).
Feb.
.B.-PROGRAMVERGADERING
ussaal 7.30 nm.

E BULTHAARKAPPERS
MANS- en DAMES
Eienaar: G. Schoonhoven.
nstraat 86(b) ..... Tel. 5136
Na-ure: 6056

die WAPAD

VRYDAG, 21 FEBRUARIE 1969

# OUHEER-VERANWOORDELIKHEID

Dat 'n mens met verloop van tyd wys word, staan vas. Nou wil dit darem lyk asof hierdie stelling stadig-aan ook op Nusas van toepassing kom. Dit lyk asof selfs hulle begin besef dat hier aan die Suidpunt van Afrika dit ietwat anders daaraan toegaan as die huidige gang van sake in die lande van ons herkoms. Die wete kan hopelik al hoe sterker by die Nusas-mense begin inslag vind dat betogings, hoe „wettig en ordelik" ookal voorgedoen, in Suid-Afrika so ontuis is as 'n swart immigrant deesdae in Engeland. 'n Waardige student het nog nooit sy gevoelens agter massa-histerie weggesteek nie. Daarom wil ons die Nusas-leiers gelukwens met die manmoedige optrede deur openlik hulle probleme te gaan bespeek het met die Minister van Polisie. Dit is sekerlik tog maar die manier waarop 'n mens die heel meeste bereik — heelwat meer as deur 'n karakterlose demonstrasie waar vele se simpatie opgewek word vir jou histerie, maar omdat niemand eintlik weet waar om te krap nie, val jou hele saak deur die mat.

Die Suid-Afrikaanse son is geneig om alle onreële gedragsgedagtes uit sy inboorlinge te skroei — selfs ook gedagtes wat nog mog inslag vind by ons eweknieë van oor-die-water. As prof. C. H. Rautenbach, rektor van die Universiteit van Pretoria en 'n groot kenner van hierdie sake sê dat opstande in Suid-Afrika, soortgelyk aan die van buitelandse studenteopstande in Mei laas jaar, onmoontlik is „solank ons die vrye toegang het tot owerhede wat daar tans bestaan," stem ons heelhartig saam. Daarom wil ons Nusas gelukwens met die eerste stap op hierdie weg.

# GELUK NUSAS!

Die koms van die eerstejaars so lank voor die seniors en die feit dat die ouhere en -dames in geleentheid gestel word om die drake en dore in te lyf in ons gemeenskap, is 'n bewys van die vertroue van die owerhede in die seniors. Die rol van die seniors in die voortbou aan die karakter van hierdie inrigting word daarmee erken. Die eerstejaars was reeds tuis en het gehoor wat hulle moes weet. Nou het die seniors die geleentheid gekry om die eerstejaars in te trek in in die studentegemeenskap met sy tipiese kenmerke.

Die betekenis van die studentelewe buite die lesingsale om word vandag weer al hoe meer beklemtoon as onontbeerlik vir die vorming van die jongmense — immers, die taak van die Universiteit strek wyer as slegs die bybring van kennis vir 'n bepaalde beroep. Die volle persoon is betrokke in die vorming aan die Universiteit. Dit is ook die betekenis van die inlywing, oriëntering, ontgroening, of watter naam ons ookal aan die saak gee: die seniors vervul 'n vormingstaak teenoor die eerstejaars op 'n tipiese studentemanier. Hierin bestaan die verantwoordelikheid wat op die ouhere en oudames rus — nie slegs vir die eerste week of wat nie, maar ook vir die res van die jaar.

Hierdie verantwoordelikhehid omvat veel meer as om so af en toe op 'n moedswillige eerstejaar los te bars of, waar nodig, met vors gesag af te dwing. Dit stre koor alles waarmee die studentelewe geassossieer word; dit het te doen met alle fasette van ons daaglikse en georganiseerde bedrywighede, ook en veral in ons sosiale lewe.

Woorde wek, maar voorbeelde trek.

REDAKSIE

Hoofredakteur: Jan-At Kruger ... — tel. 8039
Sub-redaktrise: Martie Kruger ... — tel. 8039
Nuusredakteur: Francois Venter ... — tel. 2050
Sosiale redaktrise. Rika van Graan ... — tel. 2019
Politieke Redakteur: Tonie van Tonder ... — tel. 3648
Sportredakteur: Dup du Bruyn ... — tel. 2019
Interuniversitere redakteur: Dirk Laufs ... — tel. 2068
Kunsredaktrise: Joan Crafford ... — tel. 2071
Eeufeesredakteur: Dirk Wijnbeek ... — tel. 5913
Spotprenttekenaar: Lood Dercksen ...
Sirkulasiebestuurders: Gideon van der Nest en Dawid van Aswegen ... — tel. 2172

SPORTVERSLAGGEWERS:
Izak van Rensburg —tel. 8014
Hennie Horn — tel. 2019
Hennie de Villiers — tel. 2019
Henk Coetzee — tel. 4869
Johan Yssel — tel. 5458
Bester Swart —
AKADEMIESE VERSLAGGEWERS
Hannetjie Beukes — tel. 2071
Erna Arnold — tel. 2069
KUNSVERSLAGGEWERS:
P. Fourie — tel. 8014
Louise Heystek — tel. 2071
Nicolene Marais — tel. 2069

POLITIEKE VERSLAGGEWERS:
Douw Kruger — tel. 2019
Tonie van Tonder —

SOSIALE VERSLAGGEWERS:
Winnie Venter — tel. 2119
Amalia du Plessis — tel. 2069
Andre le Roux — tel. 2172
Magriet de Lange — tel. 2071
Hestrie Snyman — tel. 2069
Marlena Lemmer — tel. 3214
Rika van der Walt — tel. 2069
Gert Kruger — tel. 8095
Dries Burger — tel. 2019.

# HULDE AAN ONSSELF




# WAPADLANGS

## WIE IS AFRIKANERS?

☐ Jan van Riebeeck en Kie was maar Hollanders.

☐ Die Vryburgers het grond van Afrika besit.

☐ Die grensboere het die „hoë" Europese beskawing afgesweer, 'n patois begin praat, geworstel met die Suurveld en die Kaffers — en hulle was arm.

☐ Stoer, hardkoppig en vasberade was die Voortrekkers: So lief vir vryheid, dat hulle alles, ook hulleself op die spel geplaas het. Hulle was reeds 'n volk — gemeenskaplike geloof, lewenswyse, taal, strewes. Almal was feitlik besitloos — net die aarde onder hulle, die lug bo hulle en hulle geloof was hulle eie.

☐ Die Republieke is gestig en bevolk deur Boere — steeds hardnekkig, gelowig en arm. Goud en diamante het gekom, maar die geld was nie hulle s'n nie: Engelse, Joodse en ander magnate was die besitters van die geld, maar die Boere was geestelike miljoenêrs. Hulle groot besit was liefde — vir die grond, vir die vryheid en vrees vir God.

*Deur Sweepslag*

☐ Liefde vir goud en sprankelende diamante het die buiteland hierheen gedwing — hier na die Boere se ontsettende land,deurdrenk met bloed, Kafferbloed, Boerebloed; 'n harde ,rou land met woestyn en trope, hoëveld en getande berge — alles die hartstog van ons voorouers, die skrik van die vreemdes. Die Boere het reeds 'n eie kultuurlewenswyse gehad en 'n gemeenskaplike vyand — die goudogige buiteland.

☐ Die slag het gekom: patriotisme het na drie jaar smart geword, vryheidstrewe het galle haat geword — hierdie haat was 'n eeu lank getroetel. Weer was hulle arm — maar nou selfs sonder grond, sonder vryheid. Die oorlog het die lam vet rond om die volk afgestroop en net die maer murg om die ruggraat het gebly: nou veral was dit 'n homogene volk, wat 'n kultuur gehad het, maar 'n nuwe moes bou — in die onverkwiklike stadsatmosfeer.

Die vorige opbou van 'n kultuur het twee en 'n halwe eeu geneem, maar die kultuurboom is in drie jaar van sy wortels afgeskeur.

☐ Ons het ons een gevoel: een in armoede, een in geloof, later een in taal. Maar daar kon nie eenheid wees tussendeur betonstrukture vol vreemdes nie. Eenheid het gekom in 1948 — maar dit was polities.Eentalliges met 'n verwarde kultuur.

☐ Rykdom het gekom, en saam daarmee meer van die vreemde. Politieke eenheid het saam met verdere kulturele verwarring gegroei. Ons van vandag is gebore. Individue het bly soek na ons verlore kultuur: die wortels van die boom het gebly, maar hoe moet die nuwe boom gesnoei word?

☐ Vandag is dit ons beurt: In rykdom en gerief stry ons onder mekaar in dieselfde taal: VEG vs. Lanzerac, Hertzog vs. Vorster, C.I. vs. almal. Ons soek na ons kultuurboom en die meeste wil die ou wortels uitgrawe en verband. Die kreet is: Een met ons landgenote, een met die wêreld, vry van die begaafde wortels! So effektief is dit, dat „andersdenkendes" besef dat ons nie meer anders as hulle dink nie, en oorstap in die Parlement.

**Welkom aan die Studente!!**
U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
***BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING***
by
**PRO REGE-PERS BPK.**
*„Die Potchefstroomse Boekhandel"*
Tomstraat POTCHEFSTROOM Telefoon 3421

**P.U. studente hou ons vertoonvensters dop vir foto's van julle Ontheffingsdinee**
**FOTOKUNS** (OP DIE BULT)

## Perkamentpraaitjie

# Oor resensering van boeke

Sommige boeke moet geproe word, ander moet heel ingesluk word, en 'n klein klompie moet gekou en verteer word, het Francis Bauon, van baie jare gelede gesê. Voortaan sal ons in hierdie rubriek boeke herkou wat met die eerste proeslag soet was op die tong. Ons sal nie geleerd mompel oor intriges, karakter_ beelding of onderliggende wysgerige gedagtes nie. maar bloot sê: Hierde boek is goed. Lees dit gerus.

Wanneer iemand vreesloos die tradisioneel geworde bewondering vir Shakespeare in die wind strooi, en manhaftig sy aanvaarde genialiteit aan flarde skeur, voel ek om twee luid bravo te roep. Aat Kaptein is so 'n man na my hart. Hy skeer Shakespeare sommer maklik-maklik oor dieselfde kam as die dooie vissies aan 'n stokkie op skemerpartye.

**TOLSTOI**

Leo Tolstoi is ook nie 'n man wat doekies omdraai nie. Elke mens van ons gemeenskap sê hy, word grootgemaak met die wanopvatting dat Shakespeare 'n genie, 'n digter en dramaturg is en dat sy geskrifte die hoogtepunt van volmaaktheid is — al is hulle weinig meer as sinnelose ge_ dramatiseerde verhaaltjies. Hoe onverantwoord ook sal so 'n mond moet heuning kry!

Kloos en Verwey, self al goed vies vir die Nederlandse resensente wat hul werk so misken, het saam met 'n groepie digters 'n lang gedig saamgeflans. Dit was 'n gesogte romantiese verhaal oor ewigdurende liefde, goed gekrui met valse beeldspraak en teenstrydighede. Die gedig is toe onder 'n skuilnaam uitgegee. Die resensente het die aas heel ingesluk en dit 'n skitterende debuut genoem.

Daar is nog veel van die digter verwag.

**TAGTIGERS**

Die Tagtigers het toe met groot gebaar die hele sak patats te voorskyn gehaal onder die opskrif:, De onbevoegdheid der Hol_ landsche literaire kritiek.

Onder ons lesers sal daar ook die manne van die boek wees, goed onderlê in die kennis van uitsprake oor die letterkunde, wat ons onbevoeg sal wil noem omdat ons nie bladsye wil afstaan aan die Boeddhisme soos aangetref by onse vriend Breyten nie, maar êrens moet gesonde verstand tog seëvier oor wat „in" is in die wispelturige modewêreld van ons letterkunde. En êrens moet iemand nog kan lag vir die sedige manewales van die seer verhewenes.

# THALIA HOU ROLLESING

**THALIA is wel die godin van die blyspel, maar Thalia Toneelvereniging is dié mense vir bloedstollende rillers. Verlede jaar het hulle so gemaak met „Die man met die lyk om sy nek", en vanjaar weer met „Lokval vir 'n eensame man."**

Hierdie riller speel af in die hedendaagse Frankryk. Die man se vrou word vermis en dan daag sy op. Of is dit sy . . . ? Die priester (?) probeer die saak kalm en bedaard oplos. Ook die die polisiekommissaris het sy hande vol om verhoudinge uit te stryk. Gelukkig is daar twee getuies, 'n boemelaar en verpleegster wat hulp (?) kan verleen met die ondersoek. Aan die einde word al die drade netjies saamgevat in 'n vreemde en verrassende ontknoping.

Thalia gaan nie net deur Noord-Transvaal toer nie, maar ook inskryf vir die toneelfees van die A.T.K.V. Die spelleiding word weer deur mev. Scheepers waargeneem.

ROLLESING

Die rollesing vind op 4 en 5 Maart, onderskeidelik vir dames en mans, plaas in die Hoofgebousaal om 7.30 nm.

Nie net toneelspelers nie, maar ook ,,tegnici'' wat kan help met beligting, byklanke, ens, word benodig.

# MIN TE WAARDEER IN MAJUBA

**„Majuba" is met groot gebaar as Suid-Afrika se eerste epise prent geloods. e ndit is ook al verskoning wat 'n mens vir sy bestaan kan aanvoer.**

**Daar is min te waardeer in die prent met sy eindlose veldslae nie een aangrypend nie. Jy neem aan dat dit oor Majuba gaan, maar sit vir ure deur Bronkhorstspruit en Laingsnek en dan lê hef aan nog voor.**

**Die toneel van die kranksinnige vrou wat volstruisvere uitbroei moet uitgesonder word vir die goeie spel, maar bly niks meer as 'n aangenaaide lap nie. Verder is die spel deurgaans stram en houterig en Reinet Maasdorp, as 'n boeredogter, praat met 'n gruwelike Engelse aksent. Siegfried Mynhardt lewer sy gewone goeie spel, terwyl Anna Neethling-Pohl uitstekend in haar rol pas.**

# ONGESTELD

Prof. G. J. Pienaar, redakteur van die „Die P.U.-Kaner" en hoof van die Departement Persweten-skap aan die PU. is 'n geruime tyd al ongesteld. Hy is aan die einde van verlede maand na Pretoria waar hy in die H. F. Verwoerd-hospitaal behandel word.

Sy eggenote, mev. Betsie Pienaar, het hom vergesel en sal waarskynlik vir die duur van sy behandeling in Pretoria bly.

Na verneem word reageer hy goed op behandeling.

# A.B.K.K. HET GROOT PLANNE VANJAAR

**'n REEKS van nege konserte. Bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars. Bekende en verborge talent in ons midde. Inter-universitêre kompetisies. Fantastiese geldpryse. Dit is alles gedagtes en planne wat Gerrit Grobler en die A.B.K.K. vir 1969 in die mou voer.**

Die organiseerders vir ons eeufeesjaar noem name soos Gé Korsten, Nellie du Toit, Luigi, Lucille Ackerman, Francois van Heyningen, Ken Espen en die Johnson-familie.

'n Verdere tentatiewe moontlikheid is inter-universtêre kompetisies. Dis hier waar die geldpryse ter sprake kom. A.B.K.K. beplan in samewerking met Daan (Staal) Retief, om die twee finaliste van elke universiteit of kollege op 'n treffersparade-basis te laat meeding. Die finale wenner, wat deur die S.A.U.K. aangewys sal word, kry R100 prysgeld.

Die A.B.K.K. gaan ook ons kampus oor naweke opvrolik en laat lewe. Hulle bied aan: afleiding en vrolike ontspanning vir elke Puk, en die geleentheid vir ons plaaslike sterre om saam met professionele kunstenaars op te tree.

## Nuwe reëling

**'n Nuwe reëling tree vanjaar in werking met betrekking tot toelating vir die eindeksamen. 'n Minimum jaarsyfer van 35 word vereis. Indien 'n student se jaarsyfer laer is in 'n vak, sal hy onder geen omstandighede toegelaat word tot die finale eksamen in die bepaalde vak nie. Volgens mnr. J. A. Venter, hoof van die Fakulteitsadministrasie, is dit die eerste keer dat so 'n reëling geld.**

## Besigtig Europese Kultuurerfenis

Op 9 Januarie vanjaar het 'n groep studente en personeel van die P.U. teruggekeer na 'n opvoedkundige toer deur Europa. Die groep het 'n bedrywige 41 dae in Europa deurgebring. Die vernaamste oogmerke met die toer was om aan studente 'n breë oorsig te bied oor ons Europese kultuurerfenis met besondere nadruk op historiese en geografiese aspekte.

Die opvoedkundige aspek was egter hoofsaak en het gewentel om besoek aan n aantal uitgesoekte katedrale, kastele, kloosters, slagvelde, musea, dorpe en stede terwyl die aardrykskunde van die Po, Ryn, Loire, Theems, Alpe, Apenyne en Jura Swartwoud ook aandag geniet het.

Gesien uit die oogpunt van die organiseerders en toerleiers, mnr. G. N. van den Bergh van die Departement Geskiedenis en mnr. W. J Voordewind van die Departement Aardrykskunde was die toer 'n ongekwalifiseerde sukses met onverwagte goeie weer as 'n bonus

# ALABAMA: Tweede plaat

Die Alabama Studente-Geselskap het vanjaar groot planne. Onder leiding van Johan van Rensburg gaan hulle twee plate vrystel. ie eerste sal einde Mei verskyn en grotendeels uit Afrikaanse-liedjies bestaan.

Die tweede plaat wat einde September verskyn, sal hoofsaaklik uit opnames uit die toerprogram van Julie bestaan en in die Revue-styl wees.

Die keuring vir Alabama vind aanstaande week plaas en alle belangstellendes is hartlik welkom veral persone wat blaasinstrumente kan bespeel.

# Puik konsert aangebied

**DIE verskeidenheidskonsert gisteraand in die Totiussaal, aangebied deur die Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur, was van 'n baie hoë standaard, is die algemene opinie van almal wat dit bygewoon het.**

Die gehoor was in meer as een opsig verras deur die nuwe talente wat na vore getree het.

'n Kort riller. onder leiding van Abri le Roux, het die gehoor van hulle vingernaels beroof, terwy die spel van Hettie Combrink en Joppie van Graan, volgens gevestigde Thalia-standaard was.

Na pouse het Johan van Rens_ burg en sy Alabama-orkes gesorg vir oorspronklike verwerkings van bekende musiek, wat die gehoor telkens laat dawer het.

**NUWE SANGTALENT**

Nuwe sangtalent, op 'n duistere manier tot dusver onbekend, het hom openbaar in die Puk se Doemeldoedies, Satch-cum_Lopez (Wollie Womarans), Jim Reeves (Tinus du Plessis) en Cornelia (Tippie Kriel).

Dit is duidelik uit die entoesiasme waarmee die kunsliggame op die Puk hulle taak aanpak, dat nog groot dinge in hierdie jaar verwag kan word. Daarvan het Johan van Rensburg blyke gegee in 'n uiteenseting van die beplanning van Alabama.

Vir al u
APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE
Besoek:
APTEKERS J. P. VAN DER WALT (EDMS.) BPK.
Kerkstraat 118, Telefoon 3237, POTCHEFSTROOM.

KOM BESOEK:
MIAMI RESTAURANT
Kerkstraat 213, Johan Dreyer-gebou.

DIE INSLEEP RESTAURANT
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039



Dit is die snit wat tel . . .
* Alba Broeke
* Mentone Pakke
* Monatic Hemde
* Battersby Hoede
* Gregory Sokkies
J. TOD SUTTIE
Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars
Posbus 219 — Tel. 3411
Kerkstraat 177
POTCHEFSTROOM

JOUBERT MEUBELS
Kerkstraat 201, Tel. 3420, POTCHEFSTROOM.
Vir MODERNE MEUBELS en alle HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer in die verskaffing van die Jongste Plaat-opnames
Kom besigtig ons groot reeks.

V83/5796



# A.O.B.

Die A.O.B. aanvaar die opborrelende gees wat die Pukke al aan die begin van die nuwe akademiese jaar openbaar as 'n uitdaging en poog om die ontspanning te bied wat elke Puk sal bevredig.

Een van die nuwe aksies is die massa-intertees wat die A.O.B. wil aanbied. Die doel daarvan is om die gesellige teekan-praatjies van elke koshuis na 'n breër vlak uit te brei. Dit sal ook saamval met die Pukkie-verkope, Studenteraadsverkiesing en die einde van elke semester.

**KRUIWARESIES**

'n Kruiwaresies en miniatuurgolftoernooi word ook in die vooruitsig gestel.

Florna beoog verskeie aangename uitstappies, onder andere 'n toer na die Drakensberge. Besoeke aan die ysskaatsbaan in Johannesburg is ook in die program opgeneem.

## Boeke te koop

**BOEKE TE KOOP.**
Keur uit die Nederlandse Poësie—Inleiding tot die Taalkunde — Van der Merwe — R2.00.
Schets van die Nederlandse Letterkunde — Wolters Groningen R1.50.
Nederlands en Afrikaans — De Villiers — 80s.
J. LIGTHELM,
J. VAN ROOYHUIS,
KAMER 100.

**BUS TE KOOP**

Tenders word ingewag tot 3 Maart 1969 vir die verkoop van 'n tweedehandse Mercedes Benz-bus, 1968-model met 27,000 myl. Sitplek vir 45 passasiers. Boekwaarde tans R2,000.00.

Vir verdere inligting skakel Potchefstroom 3913, Penningmeester, Studenteraad, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.

**PARADISE RESTAURANT**

**Dié kafee op Die Bult . . .**
**dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,**
**EN SNOEKER SPEEL!**
BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER
**Tomstraat 86** **Tel. 5474**

*„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."*

Turkstra BAKKERY

**ook te kry by u kafeteria.**

## UIT DIE WOORD . . .
### Getuies

1 *Joh.* 5:9: *As ons die getuienis van die mense aanneem — die getuienis van God is groter, omdat dit die getuienis is van God wat Hy aangaande sy Seun getuig het.*

EEUFEESJAAR. Ons kyk terug op getuienisse.
* Die getuienis van die mense.
Die getuienis van God.

Twee getuienisse in 'n besondere verhouding tot mekaar.

* Die getuienis van die mense is direk. Dit spreek aan. Dit is persoonlik. — Dit kom van 'n mens tot 'n mens. Dit kom in in 'n taal wat ons verstaan. — Die getuienis van die mense is gemotiveerd. Dit is logies. Dit is sistematies en realisties. Dit is aanvaarbaar.

* — Die getuienis van God is groter. Dit spreek ons siel aan. Dit kom van God tot 'n mens. Dit is die taal van die hart. — Dit is die getuienis van Christus, ons Verlosser. Dit gee 'n nuwe lewe. Dit lei tot die ewige lewe.

* Eeufeesjaar. Ons kyk terug.

Die getuienis van die mense het wel 'n merk gemaak. Hierdie getuienis moet ons aanneem. Dit is ook 'n gawe van God. Mense is daardeur toegerus vir hulle taak. Tog nie sonder die getuienis van God nie. Dié is veel groter. Dit omvat en bevat die getuienis van die mense. Dit moet ons raaksien.

* Eeufeesjaar. Ons kyk vorentoe.

Ons moet getuig. Ons moenie stilbly nie. Daar is 'n wêreld wat wag om ontgin te word.

In ons getuienis moet die getuienis van God groter wees. Dit is ons eintlike getuienis. Dit is 'n evangelie: nie om die mens nie, maar om God. Dit is die getuienis aangaande ons Verlosser.

# DAGSTUDENTE LAAT OË REK

**ONDER leiding van Leon Wessels het die dorpsvereniging vanjaar besonder presteer. Die eerste keer in die geskiedenis het hulle gewys waartoe hulle in staat is deur op die atletiekveld tydens die eerstejaarsbyeenkoms derde in die mans- en vierde in die damesafdelings te eindig.Die Pukke se oë het ook gerek toe vyftig dorpseerstejaars opdaag vir die oriënteringsprogramme.**

In 'n onderhoud met mnr. Wessels het hy gesê dat daar vanjaar eintlik die eerste keer 'n begin met verenigingslewe op die dorp gemaak kon word as gevolg van die baanbrekerswerk van die vorige twee jare en ook die hulp verleen deur die Studenteraad.

PROBLEME

Die vereniging het baie probleme met betrekking tot die groot getalle, hetrogene belangstellings van die dorpsstudente, geen bymekaarkomplek nie en geen naamlys beskikbaar nie. Vanjaar word die oplossing **gesoek in die strooibiljette en moontlik 'n eie kennis**gewingbord.

# GEESTELIKE TERRORISME

**„By die begin van die tweede eeu van die Universiteit en die Teologiese Skool, is dit vandag, nog meer as in die verlede, 'n tyd van terrorisme — nie net op militêre gebied nie, maar veral op geestelike gebied," het dr. J. Postma Vrydagaand by die amptelike opening gesê.**

Dr. Postma is die seun van wyle prof. F. Postma, voormalige rektor van die Universiteit, en is predikant van die Gereformeerde gemeente Waterberg.

Dr. Postma het gesê dat ons volk vandag nog bloot staan vir verradelike aanvalle op die gees. Hierdie „geestelike terrorisme" word beliggaam in die liberalisme, die algemene versoeningsleer en die rasionalisme. Hoe goed die jeug ookal militêr opgelei mag wees, kan die waarheid van God nie met gewone wapens gehandhaaf word nie.

**SLUIPMOORD**

Die spreker het die geleidelike ondergrawing deur „geestelike sluipmoordenaars" omlyn: die metodes is etikettering en begripsverwarring. Ook die poging om neutrale onderwys by wyse van die gewetensklousule daar te stel, is 'n poging om die Woord van God uit die mens se hande te slaan.

Die aansteeklike studente-opstande het hy universeel toegeskryf aan beginselloosheid en opstand teen gesag. Die Christelike hoër onderwysinrigtings voer 'n toenemende moeiliker stryd teen 'n „nugter" wêreld, waarin „kykers" (maar nie „sieners" nie) volop is.

Dr. Postma het afgesluit **met die** gedagte dat die Teologiese Skool en die Universiteit 'n bolwerk van ons volk sal bly solank as wat dit „In U Lig (sal) sien".

# - Deur My Lens -

Waar is die skrywers onder ons? Ou Piet Roodt is weg en daarmee saam een van die wagters oor die sede (-volheid) van die ouens aan die top.

Ag, en is hulle nie vol nie — van hulleself. En kan jy nie vol word nie, veral as dit van jouself is! Terwyl julle dan nou, tipies van 'n natuurwetenskaplike proffie, vra na bewyse . . .: Laat ek julle vertel — die meeste van julle was toe nog nie hier nie — die ouens het dit geniet om amptelik, op die verhoog, oor die mikrofoon („Geagte dames en here eerstejaars") deur die Kaptein aan die matriekverlaters en die „armie-" gehardes voorgestel te word: die grotes van die grotes — die leiers van die gemeenskap. Ou Piet sou sê hy kry 'n kramp. Ek sien rooi (dis te sê as 'n koei kan kwaad word vir die vlag). Maar nouja, die eerstejaartjies sien op na hulle — die banke is mos laer as die kateder.

## Reflektor

Maar moenie praat van die goeters wat hier op die kampus paradeer nie — grootmanne van Pukkieland en die mini-kultiere uit die vreemdes. Daar is van hulle wat nie weet wie's John Vorster nie (nie onvergeeflik nie) maar dat hulle nie weet wie's Hennie Bingle nie!

**TWEEDEJAARS**

Ergste van alles is die hansgat tweedejaars. Wie het vir julle gesê julle is nou groot? Julle hoor nie, sien nie en groet nie — produk van die slapheid van verlede jaar. Waar is . . . ag toemaar.

Nog een stukkie gal. Die dames wat hulle so groot hou; so swaaiend en statig, niksvermoedend maar alleswetend, selfs die proffies laat kyk . . .

In hierdie gesofistikeerde geselskap van ons voel ek soms lus en sê: dêmit.

# Op die politieke front

## WANTROUEDEBAT

Om 'n veralgemenende uitspraak te maak, beteken niks. Maar om nooit iets te sê nie, kan net so hopeloos wees.

Daarom bly vir my hierdie uitweg oor: 'n Mens moet altyd bereid wees om jou eerlike mening oor 'n saak te gee. Selfs in hierdie tyd waarin dit mode geword het om die ,eerlike dwaas' die kop in te slaan sodra hy ook sy stem wil laat hoor.

**DRUKKOKER**

Elke mens is vatbaar vir oortuiging wanneer dit blyk dat iemand anders 'n nuttige, praktiese kant insien wat 'n saak vir jou ook baie duideliker en produktief maak. Ek glo nie dit is te vergesog om die resultaat van hierdie eerlike beredenering aan te dui as: opbouende kritiek nie. Dit is inderdaad iets wat nie vreemd is aan die Afrikanerdom wat gewoond is daaraan om sy lewe te laat rig deur Skrifbeginsels nie. Die Afrikaner is gewoond daaraan om eerlik te wees. Inderwaarheid hou hy daarvan om ronduit met sy mening — hetsy reg of verkeerd — na vore te tree, eerlik met sy medemens daaroor te praat en saam-saam tot 'n vergelyk te kom: of, om in eerlikheid te verskil. En nou is dit veelseggend dat so 'n „uitgeprate" man, gemoedsrus het. 'n Drukkoker sonder 'n uitlaatklep raak later gevaarlik.

**VREEMD**

Kan dit wees dat 'n volk hom deur 'n vreemde praktyk op 'n pad laat plaas het wat heeltemal volksvreemd is? Temeer as hierdie praktyk homself gesetel het in die hoogste wetgewende vergadering van 'n volk, En dan soveel so, dat 'n mens somtyds die indruk kry dat dit nie oor die eerlike beredenering van sake gaan nie, maar eerder om die vernedering van groepe of persone.

**ETIKET**

Dit kan ook gebeur dat so 'n gees en gesindheid deurwerk op geheel die volksakker. In so 'n mate selfs dat dit vir die gewone burger half moeilik word om na vore te kom, sy eerlike oortuiging openbaar te maak en deur middel van openhartige gesprek die saak uit te praat. Dit gezeur dan so maklik dat jy maar jou „eerlike geselspoging" moet laat vaar ter wille van 'n (oneerlike?) groepslojaliteit — jy mag dalk vertrap word, of 'n etiket omgehang word.

Dit sal maar 'n bitter dag wees vir die Suid-Afrikaanse bevolking as aan homself moet erken dat dit nou eintlik meer gaan om die groep as om die saak. Ons het veels te veel agting vir 'n eerlike standpuntstelling en uitberedenering daarvan . . . en ons was nog nooit bang vir opbouende kritiek nie.

# SPYKERBANKIEKANTATE

## deur Drukspyker

Ja, dis 'n nuwe jaar . . . maar daaroor wil ek nie liries raak nie; vir almal is hy tog nie meer so nuut nie . . .! Hartlik welkom wil ek myself baie graag heet want julle hou mos eintlik nie baie van my nie om nie eers van my laaaaaang neus te praat nie. Hulle moes my eintlik asseblief vra om terug te kom . . . en, nou is ek hier en ook net lank genoeg om sekere dinge oop te krap wat tog die een of ander tyd op die lappe sou gekom het.

Daar is veral drie paartjies wat besluit het om maar hulle bedjies bymekaar te gooi om een g-r-o-t-e te vorm. **Monica du Plessis** het gevoel dat **Willie Venter** se kort van haar baie goed te pas sal kom en nou is sy die ewig blommende mev. Venter. Ek hoor **Dirk** en **Ronell** het tydens hulle „heuningmaan" 'n draai by die parlement gemaak maar vroutjie is glo baie bly dat haar van Laufs is en nie Lewis nie. **Martie (Venter)** en **Schutte Venter** het ook besluit dat hulle maar tot die groot stap sal oorgaan al moet daar ook in die toekoms in die ketel pap gemaak word . . .

......**Pieter van Schalkwyk** se hart loop deesdae so tjello-tjello -**Susan Duvenage** het die tjello se hartsnare gedurende die vakansie so goed bemeester dat sy deesdae met 'n skitterende medalje aan die vinger kan spog. Die meesterkonsert tree ten aanvang op 5 April — daarna hoop ons dat hulle vir altyd in harmonie sal saamleef.

Twee groot veterane of moet ek dalk sê indoenas van Over-de-Voor het geval of is dit nou gefaal . . ., **Johan Botha** (Botter) en **Johan Swanepoel** (Swannie) se ou harte is verbly deur twee „pakette" wat by Oosterhof opgedaag het in die vorm van **Nesta Marais** en **Wilda Snyman**.

**Hestré Snyman** moet nou net onthou dat tot die swembaddens by Aliwal oë het en dat hulle ons buro van inligting iets omtrent die ingenieur wat steeds „please help me I'm falling" sing, in die ore gefluister het.

Hier kom nou 'n oom Karel Grootlieg-storie maar dit is die reine waarheid **Barry Richter** spog dat hy ons eie Paul Nash is want hy kan so vinnig hardloop dat sy alreeds 'n volle jaar op die Puk moes wag voor **Marietjie du Plessis** hom kon inhaal. Sy sit nou iewers op die Pote en hyg na asem . . .

**Isabel (Carot) Stander en Gerrie van der Walt** se gesamentlike motorfietsritte het ook gedurende die vakansie uitgekristaliseer tot 'n blinkende diamant. Terwyl **Blyde Combrink Johan Basson** se voetjies deuntjies laat dwarrel — moenie 'n fout maak nie — elke moontlike naweek na Potch.

„Eens kom die liefde weergaloos . . .", dis nou **Amanda Joubert** en haar enigste **Piet van der Linde** . onthou diewe breek in en hulle steel . . . daarom, Amanda, moet jy nou ook jou hart goed bewaar!

Julle weet, as daar darem nou een ding is wat 'n mens laat glimlag en nie sommer so 'n ou ordinêre een nie; nee, sommer so 'n „colgate" een. So 'n gesig is darem pragtig, jy sien eers die „smile" en dan vir **Johan Schutte** en die einddoel van die glimlag vind opslag op die laggende gesiggie van **Elsa Myburgh**. Ons sal haar maar oppas terwyl Johan oorsee is.

Weg, weg, weg . .? Hy is glo regtig weg! **Susan (Twiggy) Visser** sê sy verlang haar byna dood na haar enigste **Johan**. **Janet Coetzee** se hart loop glo nou so Pta., . . . pta. . .pta!

Dan is daar die volgende maatjies naamlik **Ina Eksteen** wat haar krag en durf soek in **Schalk Meyer**, **Anne-Marie Schutte** verklaar onomwonde haar liefde aan **Piet Roodt** (eerstejaar). en **Barbel Weber** en **Johan Badenhorst** se aartappels het nog genoeg sout . . Laat ek liewer padgee want die spul begin nou baie na 'n versoekprogram klink!



**Om darem 'n deel van jou vakansie op te offer om jou koshuis te gaan uitverf — dit sit nie in elke man se broek nie! it is wat die inwoners van Uitspan, ouhere en eerstejaars, vanjaar gedoen het.**

**Onder leiding van mnr. Simon Coetzee het die Uitspanners op 30 Januarie begin om die mure van Uitspan, wat vanjaar 21 jaar oud is, 'n meer feestelike kleur te gee. Opregte manlike smaak is aan die dag gelê. 'n Aangename verfatmosfeer is geskep deur die gebulder van radio's en so nou en dan 'n heerlike koppie koffie van die kombuis se kant af.**

**Die verwers het eenparig besluit op 'n vyfdae-werksweek. Op die foto verskyn die verwers in aksie.**

**In die aande laat is die geraas van storte nog gehoor soos die amateur-verwers probeer het om die verfspatsels van hulle gesigte af te kry om maar net die volgende dag weer bespat te word**

## GETROUD

**Mnr. en mev. Dirk Laufs wat onlangs op Thabazimbi deur prof. J. P. Jooste in die huwelik bevestig is.**



## Skrywerskring

Lekke rgewees, verlede jaar, sê die skrywerskring. Hierdie jaar gan daar nog meer dinge kom. Hull epraat van nouer skakeling met ander universiteite, en hulle gaan ook probeer om bekende skrywers te oorreed om die skrywendes op die Puk te kom toespreek. Daar is sprake van 'n toer na Mosambiek in samewerking met Pretoria se skrywerskring.

Die eerste vergadering van die jaar word binnekort gehou en as die belangstelling weer soos verede jaar is, sal daar groot dinge en goeie dinge uit die vereniging voortkom.

**SKOEN- en FIETSREPARASIES**

VIR ALLE STUDENTE BENODIGDHEDE EN FLINKE DIENS

**HUIS EN TUIN**

(Langs Volkskas op die Bult)

ALLE BATTERYE WORD OOK GETOETS




## Uit die Possak

Potchjestroom.
18 Febr. 1969.

Liewe Mamie en pappie,

Ek kry vreeslik swaar hier, want ek moes na baie oomies se toespraake luister en dan nog vir die ouer seuns en dogters ou heer en ou dame sê. En hulle wil nie luister as ek vir hulle sê net wie hulle praat nie. Ek was darem mos hoofseun en koppenol in die samie. En Mamie, hulle wil hê ek moet alles doen, resies hardloop en vergaderings toe gaan. Ek het mos by die skool genoeg gepraat en en by die supports paneekoek verkoop? Ag pappa dan moet ek og leer ok en die groot seuns is kwaat vir my omlat ek nie op die grond wil kyk nie en die tellevoon wil antwoord nie en nie weet wat 'n spykerbantjie is nie.

Kom haal my gou!

Boetie

**TRUST APTEEK**

TRUST BANK-SENTRUM,

TEL. 7116.

- Geskenke
- Pottebakkery
- Fotografiese
- benodigdhede.

Ons vriendelikheid en diens is u waarborg.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS.

# Tweede krieketspan presteer

**DIE tweede krieketspan van die Puk het verlede Saterdag sy vyfde uit ses wedstryde gewen deur die span van Potch. Dorp met 3 paaltjies te klop. Leon de Bruin se span is nou een van die voorlopers in die tweede liga in Wes-Transvaal.**

Nadat Potch. Dorp almal ui[t] was vir 60 lopies het die Puk 9[?] lopies aangeteken danksy 'n goei[e] openingsvenootskap tussen Fantie Loots en Chris Schoeman. Di[e] beste Pukbouler was Div du Toit wat vier paaltjies platgetrek het.

In die tweede beurt kon Potch. Dorp slegs 126 lopies behaal e[n] die Puk het nie veel meoite on[der]vind om die wenlopies aan t[e] teken nie.

## Verbeter eie rekord

Fanie van Zijl, 'n tweede-jaar student aan die Puk, het onlangs sy eie S.A.-rekord vir die 3000 meter verbeter na 8 min. 9 sek.

Van Zijl, wat onlangs deur Dickey Broberg in die 800 meter geklop is, sê die nederlaag het niks te doen met die feit dat hy besluit het om hom meer op die 5000 en uiteindelik 10,000 meter toe te lê nie. Hy sal egter nog gereeld aan wedlope oor die 800 en 400 meter deelneem. In Luanda het hy onlangs in 'n afloswedloop die tyd van 47.9 sek. oor die 400 meter opgestel.

A. VORSTER
APTEEK
Octron-gebou,
Lombardstraat.
VIR VINNIGE
AFLEWERING
SKAKEL 7074.

na aksie..
satisfaksie




vol–ja smaakvol

## PUKKE SAL MOEILIK GEKLOP WORD

**Die atletiekspan van die Pukke het Saterdag getoon dat hulle nie maklik as ligakampioene van Wes-Transvaal onttroon sal word nie toe hulle in hulle botsing teen Weermag in slegs een nommer nie daarin kon slaag om met die eerste plek weg te stap nie.**

Net in die spiesgooi vir mans kon Weermag vir 'n eerste plek sorg, toe Grebe die item gewen het met 'n afstand van 153 vt. 2 dm. Hier het die studente egter die tweede en derde plekke gevul.

**HEKKIES**

Die beste prestasies is gelewer deur Springbok Willie Coetzee en die studente se nuwe dames-hekkiesatleet, Ria van den Berg. Coetzee het die 110 meterhekkies oudergewoonte gewen en wel in 14.5 sek. Mej. Van den Berg het op haar beurt die 80 meter-hekkies vir dames in die mooi tyd van 12.0 sek. ingepalm.

Dawid Booysen het ook weer sy verskyning op die baan gemaak en twee nommers gebuit, naamlik die gewigstoot en werpskyf. Sy afstande was 54 vt. 2½ dm. en 158 vt. 6 dm.

Willie van der Westhuizen het albei naelloopitems vir mans gewen, maar sy tye was nie te wat wonders nie. Bea Marais het 'n mooi 400 geloop en die stewige tyd van 58.6 sek. aangeteken.



**Uitblinkers by die eerstejaars-atletiekbyeenkoms. Van links links na regs: J. Jacobs (gewigstoot en werpskyf), J. Boshoff (100 en 200 meter), A. v. Vuuren (spiesgooi), en L. Combrinck (110 meter-hekkies).**

## Jos Coetzee gekies vir W.T. span

Jos Coetzee, kaptein van die Puk se eerste krieketspan, is ingesluit in die Wes-Transvaalse krieketspan wat op 1 Maart teen Wes-Rand in Potchefstroom speel. Dit sal die eerste keer in die geskiedenis wees dat Wes-Transvaal nie op 'n Sondag speel nie.

Op Vrydag en Saterdag 7 en 8 Maart speel Wes-Transvaal op die Bill Swart-ovaal, Potchefstroom, teen 'n Vrystaatse 11-tal. Volgens mnr. Jan Kruger, bestuurder van die Wes-Transvaal-span, behoort dit sommer krieket van die hoogste gehalte te lewer met spelers soos Neil Rosendorff en die Strydom-broers in die Vrystaat-span. Dit is die eerste stap van Wes-Transvaal op pad na Curriebekerkrieket. Die wedstryd begin om 10.00 vm. en word volgens die Curriebekerreëls gespeel.

## Piet Brand

Piet Brand, wat lank reeds op erkenning wag, gaan weer 'n kans kry om te wys wat in hom steek. Hy is gekies om saam met Toy Dannhauser van Transvaal ('n oud-Puk) as slot diens te doen vir dr. Danie Craven se voorsitterspan wat tydens die S.A. Spele teen die Vrystaat in Bloemfontein speel.

Piet het in die proewe verlede jaar uitgeblink en is deur baie as ongelukkig beskou om nie die Springbokspan te haal nie. Dit lyk egter asof hy nou gereed gemaak word vir groter dinge.

## *OVER DE VOOR NAELSKRAAP TEEN D3 VERLOOR*

Drakenstein, met sy 143 eerste-[j]aars, het Saterdag 8 Februarie [d]ie oorwinning van die eerste-[j]aarsatletiekbyeenkoms net-net [v]oor Over de Voor, met bykans [t]wee derdes minder eerstejaars, [w]eggeraap.

Alhoewel dit vir buitestaanders [s]ms soos skoolsport moes gelyk [h]t, het dit aan gees nie ont-[b]eek nie, en alle reëlings het [v]lot verloop.

[U]itblinkers was J. Boshoff, L. C[o]mbrinck, J. Jacobs, C. Lodewicks en J. Hunter, terwyl Ria va[n] der Berg onder die dames uiteblink het.

**TALENT**

A[s] al die sluimerende talent ka[n] ontwikkel, sal die Puk van-jaa[r] weer met 'n gedugte atletiek[s]pan kan spog.

B[e]langrikste uitslae:

Man: 100 meter: J. Boshoff (11.2); 10 meter-hekkies: L. Combrin[c]k (15.4); 200 meter: J. Boshoff (24.3); 400 meter: J. van Rensurg (53); 800 meter: F. Krug[e]r (2.11.5); 1500 meter: C. Lode[w]jcks (4:13.5); spiesgooi: A. van [V]uuren (155:3); Gewigstoot: J. J[a]cobs (48:3); werpskyf: J. Jacob[s] (146:7); Hoogspring: H. Aucam[p] (6:1); verspring: J. Hunter (22:9); driesprong: J. Hunter (45:3½). Dames: 100 meter: R. v.d. Berg (13.1); 80 meter hekkies: R. v.d. Berg (12.2); spiesgooi: A. Keeve (81.7); gewigstoot: A. Keeve (39:?); werpskyf: A. Keeve (83.8½); verspring H. de Kock (14:11).

Finale Puntestand:

Kompleks: 19, O. de Voor: 87, Drakenstein: 90, D. Dup: 19, Dorp: 86, Osterhof: 18, Klawerhof: 52, Kulu: 23, Karlien: 65, Thaba Jäh: 90, Dorp: 28.

## Krieketkoshuisliga 'n groot sukses

**Die eerste skote in die krieketkoshuisliga het verlede Saterdag geklap toe Drakenstein daarin geslaag het om kleingeld van Over de Voor te maak en Dorp Kompleks geklop het in 'n uiters spannende wedstryd.**

Krieket is vinnig besig om veld te wen te oordeel aan die hoeveelheid toeskouers wat Saterdag se wedstryde bygewoon het. Veral Drakenstein het in groot getalle opgeruk om te sien hoe hul span mors met Over de Voor en hulle met 8 paaltjies geklop het. Over de Voor het eerste gaan kolf en kon slegs 24 lopies aanteken. Jan de Waal het groot skade aangerig deur 4 paaltjies vir slegs 3 lopies te neem. Slegs Harry van Rooy kon dubbelsyfers behaal vir Over de Voor. Sias Willemse met 20 en André van Vuuren met 17 lopies het die beste met die kolf vir Drakenstein gevaar. Div. du Toit het 4 paaltjies vir 28 lopies geneem.

## Atletiek-gedenkalbum

In 'n poging om fondse vir die P.U. se atletiektoer later vanjaar te bekom, is besluit om 'n gedenkalbum uit te gee en dit op groot skaal onder oud-studente en sportvriende te versprei.

Hierdie boek bevat pragtige aksie-foto's van huidige- en oud-Pukke wat op ateltiekgebied presteer het, asook die geskiedenis van die atletiekklub sedert die ontstaan van die Universiteit 'n eeu gelede. 'n Volledige statistieklys van al die atletiekprestasies vorm 'n gedeelte wat deur oud-studente en atletiekliefhebbers interessant gevind sal word.

Bestellings vir die gedenkalbum kan geplaas word by die Sportredakteur, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, teen R1 stuk.

Die Pukke gaan in Juliemaand 'n toer deur Europa onderneem wat sowat R8,000 gaan kos.

## ANNELIE KAPTEINE

Annelie Gildenhuys, wat v[er]lede jaar die B.A.-graad op [die] Puk behaal het, het onlangs [die] tweede plek in die S.A.-vro[ue] veldloop-proewe behaal. Wat [die] prestasie merkwaardiger ma[ak] is die feit dat sy slegs onge[veer] twee maande voor die tyd [ge]oefen het.

Annelie is ook aangewys [as] kapteine van die S.A.-span w[at] op 25 Februarie na Londen ver[trek]. Sy is ook saam met Rosalie de Klerk en Bea Marais houer van die S.A. 3 x 800 meter aflosrekord.